

SPIEËL STUDIE BYBEL

ROMANSE VAN DIE EEUE

mirrorWORD

Filippense

Vertaling deur Dr Anine Jordaan

Onderskrywing deur Desmond Tutu

Konstante

werksproses Uit die

oorspronklike teks vertaal

en geparafraseer in kontemporêre spraak

deur Francois du Toit

Paulus, Silas, Timoteus en Lukas het Filippi besoek en tydens Paulus se tweede sendingreis 50 n.C. (Handelinge 16:11-40) die eerste ekklesia-kerk in Europa gestig

Hierdie brief is omstreeks 61 n.C. vanuit Rome geskryf terwyl Paulus onder huisarres was.

Hy skryf vanuit 'n plek van krag en vreugde om sy dierbare vriende in Filippi, wie ook baie teenstrydighede in die gesig gestaar het, aan te moedig.

Filippense 1:20 *My onmiddellike omstandighede lei nie die aandag af van my boodskap nie. Ek is oortuig daarvan dat ons gesprek nou en vir ewig sal voortgaan om 'n akkurate weergawe van die grootsheid van Christus te gee. Die boodskap is geïnkarneer in my; of ek leef of sterf, dit maak geen verskil nie.*

Filippense 1:21 *Christus definieer my lewe; die dood kan dit nie bedreig of kortknip nie.*

Filippense 2:12 *Nie net in my teenwoordigheid nie, maar nog baie meer in my afwesigheid... Paulus het geweet dat hy meer teenwoordig sou wees in sy boodskap as in sy persoon. Bedieningsukses word nie gemeet aan hoeveel bedieningsvennote jy kan versamel nie, maar aan hoe afwesig jy jouself kan preek.*

Filippense 3:1 *Die uiteinde van julle geloof is uiterste blydskap in die Here. Hy is julle voortdurende verwysing na saligheid. Ek sê dit nie net om herhalend te wees nie. Vreugde is julle vesting. Daar is geen veiliger plek om te wees nie, behalwe om ekstaties gelukkig te wees nie.*

Paulus spoor hulle aan om nie toe te laat dat godsdiens die aandag van die vreugde van romanse aflei nie.

Filippense 3:7 *Die somtotaal van my godsdienstige stamboom en opregte toewyding beloop 'n ronde nul. Die gawes wat in Christus aan ons gegee is, het dit wat eens so belangrik gelyk het, tot betekenislose inligting verminder. Om die wet van prestasie aan te hang, is tot julle verlies. Om te glo wat God van julle glo, is julle wins.*

Filippense 3:8 *Trouens, ek het tot die gevolgtrekking gekom dat elke verwantskap wat ek gehad het met enigiets wat my voorheen as 'n toegewyde Jood gedefinieer het, verreweg verduister word deur wat ek verkry het deur die Messias te ken. Jesus Christus en sy meesterlike verlossing definieer my nou. Godsdiens is soos hondepoeh; dit stink, vermy om daarin te trap.*

Filippense 4:4 *Vreugde is nie 'n luukse opsie nie; vreugde is julle konstante bestaanstaat. Julle eenheid in die Here is julle permanente bron van vreugde; so ek kan dit net sowel weer sê, wees altyd bly in die Here.*

Filippense 4:6 *Laat geen bekommernis oor enigiets [1]julle aandag aflei nie.*

Filippense 4:11 *Ek het my ek-is-heid ontdek en gevind dat ek ten volle [1]selfversorgend is ongeag die omstandighede. (Selfversorgend, [1]autarkēs selfvoldaan, die gevoel wat jy het wanneer jy heeltemal tevrede is met jouself.)*

Filippense 4:13 *In elke situasie is ek sterk in die een wat my van binne bemagtig om te wees wie ek is.*

(Paulus het sy lewe in voeling met hierdie plek in homself geleef. Hy het ontdek dat dieselfde ek-is-heid waarin Jesus geloop het, in hom gespieël is. Ek is wat ek is deur die genade van God. 1 Korintiërs 15:10.)

1:1 Paulus en Timoteus spreek al die heiliges in Christus Jesus in Filippi aan, insluitend julle leierskapspan, beide die [1]opsieners en [2]diakens. *(Opsiener, [1]episkopos, van **epi**, wat dui op voortdurende invloed op [vanuit 'n posisie van 'staan voor 'n student' — 'n tipiese leraar.], en **skopos**,* omvang, om die geheelprentjie te sien.

*Die woord [2]diakonos' Filippense 3:14. Van **dia** + **konis** etimologies, deur stof [Liddell, Scott & Jones], wat ek in 2 Korintiërs 8:4 vertaal het as tasbaar, prakties of vleesgeword. Hierdie woord word gewoonlik vertaal as bediening, diens, boodskappe stuur, take verrig. Ek glo dat die uiteindelike diens die uitbeelding van die hart van God in tasbare menslike vorm is. In wese is Nuwe-Testamentiese bediening 'n viering van die inkarnasie.)*

1:2 Die Vader se guns bind ons lewens onafskeidbaar saam in die heerskappy van Jesus Christus.

1:3 Die gedagte aan julle inspireer my altyd met vreugde en dankbaarheid teenoor God.

1:4 Om vir julle te bid is beslis nie 'n werk nie, dit is meer soos poësie; ek verwag met vreugde die uitkoms van my gebede vir julle.

1:5 Ons salige deelname aan alles wat die evangelie meedeel, verouder nooit nie. Die varsheid van ons eerste ontmoeting duur tot vandag toe voort.

1:6 Ek het 'n innerlike sekerheid oor julle, vol vertroue dat hy wat die [1]inisieer der van die goeie werk in julle is, ook die een is wat dit tot volledigheid bring soos gespieëlbeeld in Jesus Christus, die daglig. Hy is die volheid van tyd.

*(Inisieerder, [1]**enarche,** om van die begin af te beoefen. Sien **Prediker 3:15**, dit wat was, is nou; en wat sal wees, was reeds.)*

1:7 Ek is geensins vermetel om so oortuig te wees oor julle nie. In die konteks van ons verloste onskuld kan ek op geen ander wyse oor julle dink nie; ek hou julle in my hart. Julle toegewyde vriendskap tydens my gevangenskap is vir my tot groot bemoediging in ons gesamentlike verdediging en vestiging van die evangelie. Ons is saam hierin. Ons is deelgenote in dieselfde genade. My genade is julle genade.

1:8 God ken my intense verlange na julle. Dit is met die tere aandoenlikheid van Jesus Christus.

1:9 My begeerte vir elkeen van julle is dat die besef van [1]liefde se volledigheid julle toenemend deur alle versperrings sal laat breek en dat elke sfeer van julle verhouding met ander grootliks beïnvloed sal word deur julle intieme kennismaking met die liefde.

*([1] Die woord [1]**agapaō** is 'n saamgestelde woord van **agō**, wat beteken om te lei soos 'n herder sy skape lei, en **paō**, wat rus beteken. Sy liefde lei my na sy rus; in die volle verwesenliking van sy voltooide werk. Agapē is Psalm 23 in een woord. By die waters van nadenke onthou my siel wie ek is.)*

1:10 Ek moedig julle aan om hierdie agapē-liefde onder die grootste soeklig noukeurig te ondersoek, net soos wanneer 'n diamant in die volle sonlig bekyk word om sy onberispelike volmaaktheid te bewys. Ek daag julle uit om liefde tot sy uiterste slotsom te toets. Daar is geen aanstoot in liefde nie, net soos Jesus Christus, die lig van de dag, bewys het.

(As die diamant foutloos is om mee te begin, sal elke moontlike toets sy volmaaktheid bewys; hoe iemand op liefde se inisiatief reageer, is nie die punt nie. Liefde se uiteindelike toets is aan die kruis volbring. Waarheid word nie waar deur populêre stemme nie; iemand se onkunde of onverskilligheid kan nie die waarheid verander nie.)

1:11 Julle is ten volle toegerus met die oes van julle verloste onskuld en geregtigheid waarvoor Jesus Christus gearbei het. Dit is waaroor die heerlike voorneme van God gaan. Vier hom.

1:12 Ek wil julle bemoedig, liewe vriende, dat die teenstand wat ek in die gesig staar, wat bedoel was om die evangelie te verslaan, net gedien het om dit te bevorder.

1:13 Die gevangenis het my preekstoel geword. Al die soldate in die goewerneur se wag en almal wat by die paleis betrokke is, het uit my boodskap geleer. Hulle weet dat ek nie hulle gevangene is nie, maar dat ek, in Christus ingesluit, sy gevangene is.

1:14 My gevangenskap het ook baie gelowiges in die Here oorreed om die woord dapper en vreesloos te verkondig.

1:15 Sommige belaster die boodskap terwyl andere met hartstog en heerlike sekerheid die boodskap uitbasuin.

1:16 Daar is diegene wat my penarie tot voordeel van hul eie agenda wil aanwend.

1:17 Ander weer, sonder voorbehoud, en deur die liefde geïnspireer ondersteun my ten volle in my verdediging van die evangelie.

1:18 Ek is opgewonde. Christus is oral die onderwerp van elke gesprek. Selfs hierdie negatiewe publisiteit adverteer hom steeds.

1:19 Ek kan net sien hoe die Gees van Jesus Christus, soos 'n [1]dirigent van musiek, dit alles saam met julle gebede neem en dit omvorm in 'n konsert wat verlossing vier.

*(Die woord, [1]**epichoregeō**, kom van **epi**, 'n voorsetsel van posisie, oor, in beheer,*
***+ koor**, koor, orkes of dans **+ agō**, wat beteken om te lei soos ' 'n herder sy skape lei; dus die leier van ' 'n dans of die dirigent van musiek.)*

1:20 My gedagtes is nie in my kop vasgevang nie. Hulle loop vry rond in die verwagting dat ek nie beskaam sal word deur enige teenstrydighede nie. My [2]onmiddellike omstandighede lei geensins die aandag af van my boodskap nie. Ek is oortuig daarvan dat ons [2]gesprek nou en vir altyd sal voortgaan om 'n akkurate weergawe van die grootsheid van Christus te gee. Die boodskap is geïnkarneer in my; of ek leef of sterf, dit maak geen verskil nie.

*([1] Die woord, [1]**apokaradokia** is 'n saamgestelde woord met 3 dele, **apo**, weg van, **Kara**, hoof en **Dokeō**, dink.*

*[2] Die woord [2]**parrhesia**, van **para**, 'n Voorsetsel wat nabyheid aandui; iets wat voortspruit uit 'n invloedsfeer, met 'n suggestie van vereniging van woonplek; om uit sy outeur en gewer te ontstaan; afkomstig van, wat die punt aandui waaruit 'n handeling ontstaan; intieme verband; en **rhesia,** gesprek.)*

1:21 Christus bepaal my lewe; die dood kan dit nie bedreig of kortknip nie.

1:22 Om nou te lewe, is om te smul aan die oes van julle geloof. Ek kan nie sê wanneer ek [1]die anker van die vlees sal oplig en wegvaar nie. Dit maak nie regtig vir my saak nie.

*([1] Die woord, [1]**aihreomai**, van **airō**, om op te lig soos om die anker op te lig en weg te vaar.)*

1:23 Ek voel dikwels verskeur tussen hierdie twee gedagtes. Ek het die sterk hunkering om uit die grense van hierdie liggaam te stap tot in die onmiddellike omhelsing van Christus. Kan jy jou voorstel hoe wonderlik dit sal wees?

1:24 Maar hierdie evangelie het my [1]arm agter my rug in 'n greep gedraai en vasgevang; Ek is dus vasbeslote om ter wille van julle in die liggaam te bly.

(Die woord, [1]anagkē, dui daarop dat die arm agter 'n mens se rug gedraai en in 'n greep gehou word. Sien 1 Korintiërs 9:16.)

1:25 Ek is seker dat my verlengde tyd saam met julle jul sal baat en julle sal laat vorder in die vreugde van die geloof wat ons deel.

1:26 Die vreugde van ons eenheid in Christus ken geen perke nie. Ons het soveel rede om fees te vier. Ek kan my net die uitroepe van groot vreugde voorstel, sou ek nou persoonlik daar by julle kon wees.

1:27 Die [1]een noodsaaklike waarheid wat die fokus van julle aardse burgerskap ten volle sal betrek, is die feit dat jul daaglikse gedrag [2]gelykstaande waarde kommunikeer en konteks gee aan die evangelie van Christus. Dus, of ek saam met julle teenwoordig is om julle standvastigheid met my eie oë te aanskou, of afwesig, ons samesmelting in gees en gesamentlike eenheid van siel, selfs ons diepste gevoelens, begeertes en uitdrukkings van liefde, sal duidelik wees in die geloof wat die evangelie laat ontvlam. Ons is mekaar se glipstroom! ("slipstream").

*([1] Die woord [1]**monon** dui op iets wat as die belangrikste uitgesonder word;*

*[2] Die woord [2]**axios**, beteken om die gewig van iets met dieselfde waarde te hê, soveel werd.*

*[3] Die woorde ἐν ἑνὶ πνεύματι, μιᾷ ψυχῃ **en heni pneumati, mia psuchē** in samesmelting in een gees en gesamentlike eenheid van siel — die setel van die gevoelens, begeertes en liefdesgebare.*

*[4] Paulus begeer om ʼn onafskeidbare samesyn uit te beeld; [4]**sunathleō**, ʼn atletiese byeenkoms. Fietswedrenne gebruik die term peloton; waar die ryers die sterkste en vinnigste is wanneer hulle in hierdie sogenaamde peloton ry; ʼn diggepakte groep ryers wat mekaar skuil van wind/windweerstand. Tydens ʼn massa-beginwedren beland meeste deelnemers gewoonlik, vir die grootste deel van die wedren, in een groot peloton. Die woord is Frans, van ʼn term wat in ʼn bal opgerol beteken.)*

1:28 Julle dapper vreesloosheid te midde van elke soort struikelblok wat julle in die gesig staar is 'n vaste teken aan dié wat julle teëstaan, dat hulle pogings tevergeefs is. Julle triomfantlike gesindheid maak redding selfs nog duideliker.

(Daar is geen vervalsing nie; God het geen mededinging nie. Godsdiens se selfhelpprogramme van redding bedreig hom geensins nie.)

1:29 As gevolg van die gawes wat julle deur genade in Christus ontvang het, kan wat julle ook al ter wille van Hom ly, nooit die aandag weglei van wat geloof weet waar is omtrent julle nie.

1:30 Ons geloof word in dieselfde openbare [1]arena uitgestal; ons is nie toeskouers van mekaar se volharding nie, maar medegetuies daarvan. Ons spieëlbeeld mekaar triomfantlik.

*([1] Die woord, [1]**agon**, verwys na die plek van die wedstryd, die arena of stadion.)*

2:1 In Christus is ons [1]omgang baie intiem; ons [2]verwoord sy liefdestorie; verweef in gees, gemeenskap en tere toegeneentheid.

*([1] Die woord [1]**parakaleō**, van **para**, 'n voorsetsel wat nabyheid aandui, iets wat voortspruit uit 'n invloedsfeer, met 'n aanduiding van vereniging van woonplek, wat uit sy outeur en gewer ontstaan het, afkomstig van, wat die punt aandui waaruit 'n aksie ontstaan, intieme verband, en **kaleō,** om by naam te identifiseer, om 'n van te gee ["to surname"].*

*[2] Die woord [2]**paramuthion**, is van **para + muthos**, 'n mite of verhaal, 'n verhaal van onderrig, vertel in hart-tot-hart-taal.)*

2:2 Julle Christusgesindheid volbring my genot. Julle weerspieël dieselfde agapē; ons is sielsgenote wat in dieselfde gedagtes aanklank vind.

2:3 Geen verborge agenda met 'n gekompromitteerde mengsel van suurdeeg of leë filosofiese vleiery kan ooreenstem met 'n ingesteldheid wat ander opreg bo jouself waardeer nie.

2:4 Om jou eie volledigheid in Christus te ontdek, bevry jou om jou aandag van jouself af te wend na ander.

2:5 Die manier waarop Jesus homself gesien het, is die enigste geldige manier om jouself te sien.

2:6 Sy gelykheid aan God in gedaante en gelykenis was amptelik; sy seunskap het nie die kollig van sy Vader gesteel nie. Sy menslikheid het ook nie die aandag van die godheid van God afgelei nie.

2:7 Sy missie was egter nie om sy godheid te bewys nie, maar om ons menslikheid te omhels. Leeggemaak van sy reputasie as God, het hy ons fisiese menslike vorm ten volle omhels; gebore in ons ooreenkoms, het hy homself geïdentifiseer as die dienaar van die mensdom. Sy liefde het hom aan ons verslaaf.

2:8 En so het ons die drama van die kruis in konteks: die mens Jesus Christus wat ten volle God is, word ten volle mens in die mate dat hy gewillig die mensdom se dood sterf aan die hand van sy eie skepping. Hy het die vloek en skande van die laagste soort omhels om 'n misdadiger se dood te sterf.

*(Dus, deur die deur van die dood, het hy neergedaal in ons helse duisternis. **Openbaring 9:1** Toe die vyfde hemelse boodskapper op sy basuin blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde neerval. Die ster het die sleutel tot die skag in die peillose dieptes van die afgrond verkry. [In sy dood het Jesus die onderwêreld verower en hy het die sleutels; niemand anders het nie.] **Openbaring 1:18** Ek is ook die Lewende; ek het gesterf en nou, kyk, hier leef ek tot in die eeue van die eeue en ek het die sleutels waarmee ek die poorte van die doderyk en die dood ontbind het. Ook **Efesiërs 4:8-10**.)*

2:9 Vanaf hierdie plek van volkome vernedering het God hom tot die hoogste rang verhef. God het Jesus begenadig met 'n Naam ver bo enige ander naam.

*(**Ef. 1:20** Wil jy die gedagtes en krag van God meet? Dink aan die krag wat hy in Jesus Christus ontketen het toe hy hom uit die dood opgewek het en hom vir ewig op die troon geplaas het as sy uitvoerende gesag in die hemelse ryk. Jesus is God se kragtige regterhand. Hy is opgehef uit die diepste kerkers van menslike wanhoop tot in die hoogste streek van hemelse saligheid. [Sien **Efesiërs 2:5,6 & Ef. 4:8,9**]*

***Ef. 1:21** Oneindig bo al die gekombineerde magte van heerskappy, gesag, besitreg of regerings; word hy hoër gerang as enige naam wat ooit aan enigiemand van hierdie era gegee kon word of enige era wat nog in die ewige toekoms moet aanbreek. Die naam van Jesus onderskryf sy missie as ten volle volbring. Hy is die Verlosser van die wêreld.*

***Titus 2:11** Die genade van God skyn so helder soos die dag en maak die redding van die mensdom onteenseglik sigbaar.*

*Sien ook **Efesiërs 3:15**, Elke gesin in die hemel en op die aarde het sy oorsprong in hom; hy is die mensdom se familienaam en hy bly die ware identiteit van elke nasie.)*

2:10 Wat sy naam onthul, sal elke skepsel van hulle verlossing oortuig. Elke knie in die hemel en op die aarde en onder die aarde sal buig in spontane aanbidding.

*(Sien **Jesaja 45:23** My eie lewe is die waarborg van my oortuiging, sê die Here, elke knie sal vryelik voor my buig in aanbidding, en elke tong sal spontaan uit dieselfde God-geïnspireerde bron spreek.)*

2:11 En elke tong sal dieselfde toewyding aan sy onbetwisbare heerskappy as die Verlosser van hul lewe uitspreek en eggo. Jesus Christus het God as die Vader van die skepping verheerlik. Dit is die uiteindelike voleinding van die Vader se [1]voorneme.

*([1] Die woord [1]**doxa,** bedoeling, opinie, dikwels vertaal, heerlikheid. **Openbaring 5:13** En ek het al die skepsels in die hemel en op die aarde en onder die aarde en in die see en alles daarin hoor sê: Aan hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe seën en eer en heerlikheid en mag tot in alle ewigheid.*

*Ook my kommentaar oor **Romeine 14:11**, Paulus haal hier aan uit **Jesaja 45:20,22,& 23** Kyk na my en **wees** gered, al die uiteindes van die aarde. [Let wel, '**Wees gered**.' Nie word gered nie.] Ek is God; jou afgode is versinsels van jou eie uitvinding en verbeelding. **Jesaja 45:23** Ek het by myself gesweer; die woord van my mond het geregtigheid verwek; dit kan nie omgekeer word nie. Die Hebreeuse woord, יצא **Yatsa** kan vertaal word, verwek word [soos in Rigters 8:30]*

*Elke knie sal voor my buig en elke tong sal my eed weergalm. [Praat dus met dieselfde sekerheid vanuit die bron wat in my verkry word.] Die Hebreeuse woord, שׁבע **Shaba,** beteken om jouself te sewe, dit wil sê, om te sweer — dus volgens die Hebreeuse denke, deur 'n verklaring sewe keer te herhaal, maak 'n mens 'n einde aan alle dispuut. Sien **Hebreërs 6:13.16,17**.)*

2:12 Met inagneming van hierdie verstommende uitkoms van wat ons geloof sien en vier, moedig ek julle sterk aan, my liewe vriende, om voort te gaan om julle ore ingestel te hou op vir dit wat julle gedrag inspireer om tot volle

uitdrukking te kom in die detail van julle eie verlossing en dit op 'n mees persoonlike en praktiese manier. Sien verlossing in sy aardskuddende ontsagwekkende en uiteindelike slot.

Ek weet dat my persoonlike teenwoordigheid julle baie bemoedig, maar nou wil ek hê dat julle jul [1]ore blywend sal instel om julle gedrag, selfs in my afwesigheid, op die mees praktiese en persoonlike wyse te inspireer om tot volle uitdrukking te kom en enigiets te vervang wat voorheen aan julle bekend was. Dit sou beteken dat selfs al sou julle nooit weer my aangesig sien of nog 'n brief van my ontvang nie, sal dit geen verskil aan julle geloof maak nie.

*([1] Die woord wat dikwels vertaal word, gehoorsaamheid, is die woord [1]**upoakoō,** om onder die geïnspireerde invloed te wees van wat jy hoor.*

Die sukses van Paulus se bediening was nie om mense aan hom te verslaaf nie, maar aan sy evangelie. Hy het geweet dat hy meer teenwoordig sou wees in sy boodskap as in sy persoon. Sukses in die bediening word nie gemeet aan hoeveel bedieningsvennote jy kan versamel nie, maar aan hoe afwesig jy jouself kan preek.)

2:13 Ontdek God self as jou onuitputlike innerlike bron; hy steek vlamme van begeerte en energie in ooreenstemming met sy eie vreugde binne jou aan.

2:14 Julle lewens is elkeen 'n gedig; enige onderstromende gemurmureer of argumentatiewe debatvoering sal heeltemal uit plek wees. Moenie toelaat dat sulke kwessies die ritme van julle gesprek ontwrig nie.

2:15 Te midde van 'n volk wat hul ware seunskap vergeet het, straal julle onberispelike onskuld, 'n aantrekkingskrag soos bakens van lig uit aan dié wie se lewens verwronge en verdraaid geraak het.

*(In hierdie vers haal Paulus **Deuteronomium 32:5** aan uit die Griekse **Septuaginta-vertaling** van die Hebreeuse teks, met verwysing na Deuteronomium 32:4,5 en 18. In konteks word God se volmaakte vakmanskap as Vader van die mensdom vergeet; mense het krom en pervers, verdraai en verwring geraak, vervreem van hul ware ontwerppatroon van seunskap. **Deuteronomium 32:18** sê: Jy het die Rots vergeet wat jou verwek het en het uit pas geraak met die God wie met jou gedans het. Hebreeus, 1**khul** חוּל)*

2:16 Julle lewens [1]echō-vertoon die [2]logika van die boodskap van die lewe. Julle is geposisioneer soos die sterre aan die naghemel, oorheenliggend en liguitstralend, wat die duisternis deurboor. So [3]bevestig julle die dag van die Here en [3]vervolmaak my blydskap. Julle is my erekrans en [3]bewys dat ek my wedloop nie tevergeefs gehardloop het nie.

*([1] Die woord, [1]**epechō,** is van **epi**, om op te lê, en **echō**, om te hou, eggo-resonansie.*

*[2] Die woord van die lewe, [2]**logos,** beliggaam, 'n opvatting of idee; dit beteken intelligensie as 'n onderling verbonde netwerk van dinge wat bekend is; die somtotaal van logika. Die werkwoordvorm van die selfstandige naamwoord **logos** is **legō**, om met woorde uit te wys; 'n versameling, koppeling en kombinasie van gedagtes op 'n intelligente wyse; dit suggereer 'n saamgeweefde diskoers. Die Hebreeuse ekwivalent daarvan is **dabar** רבד wat woord beteken, [wat die voertuig is wat gedagtes stoor en dra]; in sy vroulike vorm beteken dit הרבד **Deborah** heuningby! Stel jou voor dat die heuningby aan die werk is; onweerstaanbaar aangetrokke tot blomme en dit spontaan bestuif, terwyl die nektar versamel en omskep word in heilsame heuning!*

*[3] Die Voorsetsel [3]**eis**, dui op 'n punt wat in 'n gevolgtrekking bereik is. Sien **Kolossense 1:29** Julle volledigheid in Christus is nie 'n verre doelwit nie, maar julle onmiddellike verwysingspunt. My arbeid oortref nou enige ywer wat ek voorheen getoon het onder die pligsgedrewe wet van wilskrag. Ek werk verby die punt van uitputting, streef met intense vasberadenheid met al die energie wat hy magtig in my inspireer.)*

2:17 Ek wil hê dat julle my bediening aan julle sal sien soos wyn wat op die altaar van julle geloof uitgegiet word. Ek is so bly oor die gedagte dat ons uit dieselfde bron drink en daarom 'n wedersydse vreugde vier.

2:18 Wat julle ook al mag ly sal in blydskap eindig.

(Vreugde is 'n dapper verklaring, ten spyte van om ernstige gevaar en lyding in die gesig te staar, teenstrydighede kan ons nie definieer of die finale sê in ons lewens hê nie. Ons weet dat of ons nou lewe of sterwe, ons boodskap onstuitbaar is en dat dit die wêreld verower.)

2:19 Ek vertrou die Here dat ek Timoteus binnekort na julle toe sal kan stuur; dit sal vir my wees asof ek persoonlik by julle is.

2:20 Ek het niemand hier wat my hart meer deel nie; ek weet dat hy met die grootste omgee vir julle sal sorg.

2:21 Ongelukkig is daar baie in die bediening met 'n selfsugtige agenda.

2:22 Ek hoef julle niks van Timoteus te vertel nie, want julle ken reeds sy waarde. Ons het saam in die evangelie gearbei in die naaste moontlike verbintenis; ons is soos pa en seun in gesamentlike vennootskap.

2:23 Ek wil hom dadelik na julle toe stuur, maar ek wag net om te sien hoe dinge vir my hier verloop.

2:24 Ek sal natuurlik baie gretig wees om binnekort by hom aan te sluit. Ek vertrou op die Here vir 'n positiewe uitkoms in my beproewing.

2:25 Ek voel ek moet Epafroditos dadelik en dringend na julle toe stuur; hy is my broer, my medewerker en mede-kampvegter. Julle het hom aanvanklik gestuur om my te kom help en nou gee ek die guns terug.

2:26 Hy verlang na julle en mis julle regtig. Hy was nogal ontsteld toe hy hoor van julle besorgdheid oor hom toe hy so siek was.

2:27 Hy het amper gesterf, maar dank God vir sy barmhartigheid, nie net ter wille van Epafroditos nie, maar ook aan ons. Ek kan my nie die hartseer voorstel waarmee ons sou gely het as ons hom verloor het nie.

2:28 Ek stuur hom sonder versuim na julle toe; om te weet watter vreugde hy vir julle sal wees, is reeds 'n troos vir my.

2:29 Die ontsaglike waarde van sy lewe moet, sodra hy daar aankom, met 'n massiewe vreugdespartytjie gevier word. O die vreugde om mekaar lief te hê in die Here.

2:30 Ek eer sy totale toewyding aan die werk van Christus; hy het geen probleem gehad om sy lewe te waag om my namens julle te bedien nie.

3:1 Die voleinding van julle geloof is uiterste blydskap in die Here. Hy is julle voortdurende verwysing na saligheid. Ek sê dit nie net om herhalend te wees nie; vreugde is julle vesting. Daar is geen veiliger plek om te wees nie as om ekstaties gelukkig te wees nie.

(Die vreugde van Jahweh is jou vesting. מעזכם היא יהוה חדות כי *Nehemia 8:10.)*

3:2 Die besnydenispolisie is die vyand van julle geloof en vryheid. Hulle werk met 'n bose agenda. Wees op julle hoede vir hulle net soos julle 'n boosaardige hond op vrye voet sou vermy. Hulle het hul messe in vir julle.

3:3 Ons is dié wie die besnydenis sy ware geestelike betekenis gee. Ons aanbidding word nie gedefinieer deur enigiets uiterliks wat selfs op 'n afstand soos die wet van werke en godsdienstige rituele sou lyk nie. Ons aanbid God in die sekerheid van ons verloste onskuld en verheug ons in die voltooide werk van Jesus Christus. Geloofsgeregtigheid gee inhoud aan geestelike aanbidding; die vlees is altyd doenig met sy eie vergeefse pogings om regverdigheid te verkry. Ek is oortuig daarvan dat besnydenis of enige wetswerk niks kan bydra tot die regverdigheid wat Jesus namens ons verseker het nie.

3:4 Ek het meer rede as enigiemand anders om op my jare van ywerige en opregte toewyding aan Joodse sentimente en rituele staat te maak. As die verkryging van God se goedkeuring enigiets met strewe en persoonlike inspanning te doen gehad het, sou ek die bestes in die besigheid geklop het. My stamboom is voor die hand liggend:

3:5 Ek het die beroemde snit gekry toe ek 8 dae oud was, presies soos die wet voorgeskryf het. Ek is 'n Israeliet van geboorte; die hoof van my stam is Benjamin. Ek is 'n Hebreër van die Hebreërs. In my nakoming van die wet het ek tot die strengste party behoort; ek was trots om 'n Fariseër te wees.

(Ragel was die geliefde vrou van Jakob; sy het gesterf terwyl sy geboorte gegee het aan Benjamin; een van die twee stamme, Benjamin en Juda, wat nie in opstand gekom het nie. Deur te sê dat hy 'n Hebreër van die Hebreërs is, beklemtoon Paulus dat sy herkoms van albei ouers se kant nie met enige heidense bloed gemeng was nie.)

